# UITVOERENDE BEAMPTE

**Paarl**

## Kaapse Agri Werkgewersorganisasie

Die KAW is 'n geregistreerde werkgewersorganisasie wat in die landbou werksaam is. Die organisasie bevorder die gemeenskaplike belange van sy lede deur middel van wye steunwerwing en konsultasie, die daarstel van 'n inligtingsnetwerk vir lede en fasilitering van geskilbeslegting by die KVBA, asook om oor die algemeen namens lede gemeenskaplike belange aan te spreek.

Hierdie pos bied 'n unieke uitdaging vir 'n bekwame en hoogs gemotiveerde en kundige personeel- en arbeidsregpraktisyn. Met standplaas in die Paarl, sal die suksesvolle kandidaat verantwoordelik wees vir onder meer: ♦ Kommunikasie met lede deurmiddel van nuusbriewe, webblad en die hantering van individuele navrae ♦ Skakeling met die regering, georganiseerde landbou, bedryfsorganisasies en vakunies ♦ Ad hoc ondersoeke en projekte ♦ Bestuur van geskilbeslegtingsbeamptes ♦ Befondsing en skakeling met borge ♦ Toesig oor ons administratiewe beampte wat verantwoordelik is vir die hantering van alle finansiële en administratiewe funksies.

Die minimum vereistes sluit in: ♦ 'n Toepaslike tersiêre kwalifikasie ♦ Bewese ervaring en kennis van landboustrukture en die hantering van arbeid in landbou, spesifiek met betrekking tot arbeidswetgewing en geskilbeslegting, asook die prosesse van die KVBA ♦ Rekenaar-, finansiële en interpersoonlike vaardighede ♦ en Uitstekende skakel- en interpersoonlike/kommunikasievaardighede in beide Afrikaans en Engels.

Ons bied 'n mededingende en onderhandelbare pakket. Indien u in hierdie uitdagende loopbaangeleentheid belangstel en oor genoemde vereistes beskik, hoor ons graag van u. Stuur voor 28 Augustus 2015 'n volledige CV met motiverende dekbrief, drie kontakbare referente en pakketverwagtinge aan die Uitvoerende Beampte by caeo@maxitec.co.za. Indien u teen 7 September 2015 nog nie van ons gehoor het nie, moet u aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.